# Omgewingsbestuur vanuit 'n Christelike lewensbeskouing – riglyne vir volhoubare ontwikkeling

F.P. Retief
Skool vir Omgewingswetenskappe en Ontwikkeling
Geografie en Omgewingstudie
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM
E-pos: ggffpr@puknet.puk.ac.za

Abstract

Environmental management from the perspective of a Christian world view – guidelines for sustainable development

*The ecological crisis facing humanity requires that the current approach to developmental thinking and decision-making be reconsidered. This implies that the impact of development on economic, social and biological systems be balanced to ensure that the optimal outcome is ensured. Environmental management is a science that studies the interrelationships among these systems. The concept of sustainable development is proposed as the ideal approach to development and is considered as the ultimate aim of environmental management. Metatheoretical, philosophical and ideological viewpoints are, however, also decisive in determining our views on development. This article will provide an overview of Christian principles with regard to sustainable development that could serve as a basis for Christianity's approach to environmental management.*

## 1. Inleiding

Een van die groot uitdagings vir Christene in die die 21ste eeu is hoe om binne die tyd waarin ons leef en die drasties veranderende eksterne omgewing steeds die Bybel as Woord van God toe te pas op alle terreine van die lewe. Die lewensomstandighede van vandag is in soveel opsigte veel anders as dié van selfs net een geslag tevore. Die Bybel is geskryf binne 'n konteks waarbinne verskeie van die probleme van vandag nie eksplisiet deel was van die oorlewingsuitdagings nie en gevolglik raak die verklaring daarvan al moeiliker vir hedendaagse Christene. Hierdeur word die lewenswaarhede van die Bybel nie bevraagteken nie, maar eerder daarop gewys dat die konteks waarbinne verklarings van die waarhede voorsien is, drasties verander het.

Fossiel- en antropologiese fondse dui daarop dat die huidige vorm van ons spesie *Homo sapiens* eers sowat 90 000 tot 60 000 jaar gelede die aarde begin bewoon het. Dit is maar 'n fraksie van die aarde se berekende ouderdom van 4,6 biljoen jaar. Hulle was jagters en versamelaars wat rondgetrek en deur middel van basiese gereedskap en vuur hulleself by die omgewing aangepas het. Sowat 12 000 jaar gelede het die sogenaamde landbourevolusie plaasgevind toe die mens landboumetodes begin ontwikkel en die natuur algaande aangepas het by sy behoeftes. Gevolglik het 'n klemverskuiwing plaasgevind teenoor die benadering van die jagtersamelewings van 50 000 jaar vroeër (Miller, 1999:33).

Hierdie landbougemeenskappe het vir die eerste keer sedert die ontstaan van die mens vir lang tydperke op een plek gevestig en begin om welvaart te akkumuleer. Voorheen kon materiële goedere nie oor groot afstande vervoer word nie. Weens 'n surplus voedsel het bevolkings begin groei en geskille oor grond en toegang tot hulpbronne het ontstaan. Die volhoubare manier van leef, binne die beperkings van die natuurlike omgewing, is vir altyd gewysig soos die mens die natuur by sy behoeftes begin aanpas het. Hierdie manier van leef het gepaard gegaan met 'n toename in kennis en vaardighede. Die toeneem van vaardighede het aanvanklik geleidelik geskied maar mettertyd toenemend versnel (veral met die aanvang van die industriële revolusie sowat 250 jaar gelede). 'n Wêreldbevolking van ses biljoen en produksie en verbruiksvlakke waarvan ons voorouers nooit sou kon droom nie, was die gevolg.

Die hoeveelheid mense en die gepaardgaande hoë verbruikersvlakke het gelei tot die besef dat daar beperkings bestaan met betrekking tot die uitbreiding en ontwikkeling van voedselvoorsiening deur die landbousektor. Dit het gelei tot die sogenaamde "groen revolusie" wat sedert 1960 in die VSA geïnisieer is deur die werk van Rachel Carson en ander. Die besef het posgevat dat die omgewing volhoubaar bestuur sal moet word om die oorlewing van ons spesie te verseker. Hierdie besef het daartoe gelei dat daar (ietwat prematuur) na die 21ste eeu verwys word as die eeu van volhoubare ontwikkeling. Die konsep van volhoubare ontwikkeling word dus voorgehou as die ideaal waarna gestreef word. Die invloed van ontwikkeling op ekonomiese, sosiale en biologiese sisteme moet in balans gebring word. Omgewingsbestuur is die wetenskap wat hierdie balans ondersoek ten einde oplossings te bied vir ons strewe na volhoubaarheid. Fuggle en Rabie (1999:3) definieer omgewingsbestuur soos volg:

> Management is the execution of planned controls so as to achieve a desired outcome. And when management skills and techniques are applied to care for the earth … we are dealing with environmental management.

Soos in alle wetenskappe speel metateoretiese, filosofiese en lewensbeskoulike uitgangspunte ’n bepalende rol in ons siening van die verhouding tussen die ekonomiese, sosiale en biologiese sisteme. Met hierdie artikel word gepoog om die Christelike beginsels tot volhoubare ontwikkeling wat as basis kan dien vir ’n Christelik gefundeerde benadering tot omgewingsbestuur uit te lig.

## 2. Problematiek inherent aan ’n Christelike lewensbeskouing?

Vir ons doel word lewensbeskouing gedefinieer soos deur Wolters (1991:2) as “die omvattende raamwerk van ’n mens se basiese opvattings oor sake”. Dus, wat is die omvattende raamwerk van ’n Christen se opvatting oor sy verhouding met die omgewing? Dit blyk duidelik dat die meeste wêreldgelowe ’n sekere mate van waarde heg aan die natuur, so ook die Christendom wat dit beskou as meer as net ’n hulpbron vir menslike gebruik. Daar word beweer dat Christelike beginsels wel die vereistes vir volhoubare ontwikkeling vervat, maar dat dit slegs deur ons sondige natuur is dat ons hedendaagse optrede dit nie weerspieël nie.

Die belangrikste van hierdie beginsels verwys na die *intrinsieke waarde* van die omgewing en ons verantwoordelikheid as *rentmeesters* oor die skepping (Russel, 1994:143-148; Granberg-Michealson, 1990:50-66). Die vraag is egter waarom Christene se optrede so verskil van hulle religieuse oortuigings? Sommige mense beweer selfs dat die Christendom aktief bydra tot die ekologiese krisis (Haught, 1993:92).

Een verklaring verskaf deur Haught is dat die meeste gelowe baie ingestel is op die lewe na die dood of die hiernamaals. Die Heidelbergse Kategismus leer dat ons enigste troos in lewe en in sterwe is dat ons nie aan onsself behoort nie, maar aan God. Die Christen het dus die ewige vertroosting dat ons eendag, ongeag ons situasie, op aarde die ewige lewe sal beërf wat ons in ewigheid saam met God sal deurbring. Laasgenoemde uitgangspunt skep egter juis ’n probleem. Ons sien ons aardse bestaan dikwels net as tydelik en gevolglik aanvaar ons nie eienaarskap vir omstandighede op aarde nie.

> Some Christian fundamentalists, for example, look forward to the final passing away of this world in an apocalyptic conflagration. For some kinds of religion, even the complete destruction of the natural order does not come as bad news (Haught, 1993:68).

Die tweede problematiese interpretasie is dat die mens verwyderd van die omgewing staan en as heerser daaroor belangriker geag word. In so ’n geval sal menslike behoeftes voorkeur kry teenoor die eise van ons

omgewing. Derdens word die akkumulering van welvaart deur volgehoue ekonomiese groei as die norm gestel. In ooreenstemming met hierdie gevolgtrekking word die werksetiek van Christene beskou as bydraend tot die ekologiese krisis (Cooper, 1998:34). Dit is ironies dat terwyl 'n persoon wetlik vervolg word vir diefstal, dieselfde persoon beloon sal word vir 'n aksie wat lei tot groter wins vir sy organisasie, al veroorsaak dit grootskaalse besoedeling ("diefstal" teenoor toekomstige geslagte). Dus het kritieke Bybelse beginsels wat die basis vorm van ons Christelike lewensbeskouing nog nie beslag gekry in die morele waardes van ons samelewing nie en dra dit by tot die dualisme in die uitlewing van ons geloof.

## 3. Die uitdaging vir Omgewingsbestuur – volhoubare ontwikkeling

Omgewingsbestuur streef volhoubare ontwikkeling as primêre doel na, alhoewel die kwantifisering van die doel problematies blyk te wees – veral tydens die implementering van die onderskeie omgewingsbestuurhulpmiddels. Sedert 1980 is verskeie uiteenlopende definisies vir volhoubare ontwikkeling voorgestel. Die Brundtland Kommissie (1987:8) definieer dit soos volg: "development that meets the needs of the present without compromising the ability of future generations to meet their needs". Daar word geargumenteer dat volhoubaarheid 'n droom is wat nie bereik kan word nie. Die konsep van volhoubare ontwikkeling moet gevolglik beskou word as 'n ideaal soos demokrasie of geregtigheid. Alhoewel ons daarna streef, blyk dit nie volkome haalbaar te wees nie.


In 'n poging om die konsep van volhoubare ontwikkeling te vereenvoudig, is 'n model ontwikkel wat drie sisteme uitbeeld, naamlik die ekonomiese, sosiale en biologiese sisteme. Aangesien die drie sisteme interverwant tot mekaar funksioneer, word dit as norm gestel dat ons aksies binne elk van hierdie sisteme in balans behoort te wees. Waar hierdie drie sisteme in balans funksioneer, praat ons van volhoubare ontwikkeling soos uiteengesit in Figuur 1. Hierdie drie sisteme (ekonomies, sosiaal en biologies) impliseer dan ook 'n breë begrip vir die term "omgewing".

Die kern-aspekte van die model kan soos volg opgesom word:

- Die ekonomiese sisteem moet gelyke geleenthede tot welvaart daarstel en bevorder deur ekonomiese ontwikkeling in balans te bring met beskikbare hulpbronne.
- Die sosiale sisteem moet sosiale geregtigheid bevorder deur die regverdige verdeling van hulpbronne wat aangewend word vir sosiale ontwikkeling en opheffing.

- Die biologiese sisteem behoort in stand gehou te word deur die bewaring van biodiversiteit en die aarde se lewensonderhoudende sisteme. Verder moet die beskikbare ekosisteemkapasiteit om ontwikkeling te akkommodeer optimaal maar binne volhoubare perke benut word.

**Figuur 1: Model vir volhoubare ontwikkeling**




**V = Volhoubare ontwikkeling**

Volhoubare ontwikkeling handel dus oor ’n balans tussen die drie P’s, naamlik “planet”, “people” en “profit” (Elkington, 1999). In die lig van die huidige stand van sake sal die verwesenliking van volhoubare ontwikkeling ’n radikale ommekeer van bestaande praktyke vereis. Die vraag is nou watter riglyne die Bybel bied om hierdie konsep van volhoubare ontwikkeling korrek te interpreteer vanuit ’n Christelike perspektief?

Die begrip volhoubare ontwikkeling figureer nie in die Bybel nie – waarskynlik weens die feit dat hulpbronne op daardie stadium as onuitputbaar beskou is en oorlewing oor die algemeen juis vereis het dat hulpbronne maksimaal benut sou word sonder dat volhoubare perke oorweeg is. Tog is in Genesis 13:6 sprake daarvan dat die mense van die Ou Testament wel ’n idee gehad het van drakapasiteit. Die klem oor die laaste 250 jaar het egter geskuif van die op*timale benutting* van die natuur na die *verantwoordelik bestuur* daarvan. Elk van die omgewingsisteme sal gevolglik afsonderlik in meer detail ondersoek word in paragrawe 5, 6 en 7 ten einde die Christelike riglyne uit te lig.

## 4. Die probleem vir Omgewingsbestuur – 'n ekologiese *krisis*

Die huidige ekologiese krisis is die gevolg van sekere sosiale en ekonomiese sisteme wat nie funksioneer binne die perke wat deur die biologiese omgewing gestel word nie. Wat is die huidige omvang van die ekologiese krisis? Die lys van bedreigings vir sisteme wat die mens se lewe onderhou, is oorweldigend. Die bedreigings ontstaan hoofsaaklik as gevolg van oorbenutting of oormatige afvalgenerering. Woestynindringing geskied teen ses miljoen hektaar per jaar en ontbossing teen 17 miljoen hektaar per jaar. Die uitwissing van biodiversiteit vind plaas teen 17 000 spesies jaarliks. Verder het atmosferiese koolstofdioksiedpersentasies gestyg met 28% wat implikasies inhou vir globale klimaatstoestande (Rees & Wackernagel, 1998:31).

Volgens die Verenigde Nasies verbruik 1,1 biljoen mense (20% van die totale wêreldbevolking) 75% van die totale globale produksie. Die oorblywende 4,7 biljoen mense (80% van die totale wêreldbevolking) verbruik sowat 25%. In die lig van die beperkte beskikbaarheid van natuurlike hulpbronne impliseer dit dat indien al ses biljoen mense op aarde dieselfde verbruikersvlakke as ontwikkelde lande nastreef, ons die ekwivalent van drie aardes se hulpbronne tot ons beskikking sal moet hê. Rees en Wackernagel (1998:15) stel dit soos volg:

> If everybody lived like today's North Americans, it would take at least two additional planet Earths to produce the resources, absorb the wastes, and otherwise maintain life support. Unfortunately, good planets are hard to find …


Ten einde riglyne te vind om die omgewing sinvol te bestuur, sal dit help om te bepaal *wat of wie verantwoordelik is* vir die huidige stand van sake. Mense soos Lynn White (1967) beweer dat die ekologiese krisis 'n direkte gevolg is van soos hy dit stel: "the orthodox Christian arrogance towards nature". Hy beweer dat die Christendom se uitgangspunt deur die eeue was om die natuur te onderwerp vir die enkele doel om die mens te dien. As ondersteuning word Genesis. 1:26 aangehaal: "En God het gesê: 'Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip'".

Volgens White word die natuur deur die Christendom slegs as 'n hulpbron beskou wat benut en onderwerp behoort te word en so ontstaan 'n dualistiese siening van die mens-natuurverhouding. White stel 'n totaal nuwe siening of wysiging van die bestaande interpretasie van die Bybel se skeppingsopdrag voor. Die Middeleeuse monnik, Franciscus van Assisi (1181-1226), word voorgehou as iemand wat vroeg reeds hierdie verligte siening geopenbaar het met sy verwysing na diere met siele en begrippe soos "moeder vuur" en "broeder kat".

Lewis Moncrief (1970) waarsku egter dat om die Christendom alleen die skuld te gee vir die ekologiese krisis 'n mening is waarvoor min geskiedkundige of wetenskaplike feite bestaan. Hy vra: "If our environmental crisis is a religious problem, why are other parts of the world experiencing the same environmental problems that we are so well acquainted with in the Western world?". Dit lyk asof geloofsoortuigings ondergeskik is aan ekonomiese en sosiale doelstellings. Laasgenoemde doelstelling ondersteun ook die dualistiese benadering van Christene tot hulle geloof soos deur Wolters (1991:64-68) beweer.

Ander faktore soos die uitbreiding van die wetenskap, toename in individuele welvaart, verbetering in tegnologie en die uitbreiding van demokrasie speel ook 'n rol. Figuur 2 bied 'n voorstelling van die mees prominente aspekte binne die ekonomiese, sosiale en biologiese sisteme wat die funksionering van die samelewing rig. Patrick Dobel (1977) stel dit dat "Christianity's ecological critics consistently underestimate the economic, social and political influences on modern science and economy, their approach makes for good polemics but bad history."

**Figuur 2: Die probleem vir omgewingsbestuur**




Die ekologiese krisis kan beskou word as iets wat deur verskeie faktore binne ons sosiale, ekonomiese en religieuse wêrelde beïnvloed word. Dit is ook wel waar dat ons geloofsbeskouing 'n direkte invloed uitoefen op die wyse waarop ons ekonomiese aktiwiteite bedryf en ons sosiale lewe orden. Aangesien geloof die verhouding tussen die mens en sy omgewing onderlê, ontstaan die vraag: Watter riglyne kan die Christelike geloof bied vir hierdie verhouding?

## 5. Ekonomiese sisteem: kan 'n kameel deur die oog van 'n naald?

Adam Smith, wat algemeen beskou word as die vader van die ekonomiese wetenskap het sy boek getiteld, *Wealth of Nations*, in 1776 gepubliseer. Hierin beweer Smith dat wanneer iemand 'n optimale ekonomiese keuse uitoefen, die keuse, asof deur 'n "onsigbare hand", na die beste moontlike ekonomiese gevolg vir die samelewing as 'n geheel sal lei. Hierdie optimale sosiale uitkoms is die gevolg van eiebelang en nie dié van 'n sosiale verantwoordelikheidsbesef nie. Smith stel dit soos volg: It is not from the benevolence of the butcher, the brewer, or the baker, that we can expect our dinner, but from their regard to their own interest (Smith, 1776:18). Die stelling is dus meer as tweehonderd jaar gelede gemaak dat ekonomiese gedrag die rasionele navolging van eiebelang behels (Lambrechts, 1992:3).

Dit blyk dat ekonomiese vraagstukke ontstaan vanuit die realiteit dat ons leef in 'n wêreld van skaarste. Die konflik tussen onbeperkte behoeftes en beperkte hulpbronne lei tot ekonomiese aktiwiteit (Parkin, 1990:9). Vanuit 'n makro-ekonomiese perspektief blyk dit dat ekonomiese aktiwiteit die benutting van skaars hulpbronne impliseer ten einde eiebelang te bevorder. Laasgenoemde word weerspieël in die wêreld van die 21ste eeu.

Die aantyging is dus nie dat welvaart op sigself die probleem is nie, maar eerder hoe dit aangewend word. Die aanwending van welvaart bepaal naamlik of dit bydra tot volhoubare ontwikkeling al dan nie. Wie van ons deel welvaart sodat almal ewe veel het? Die antwoord – niemand! Die gaping tussen ryk en arm lande is 'n voorbeeld van laasgenoemde. Die gaping word jaarliks groter. Die realiteit is dat in 1960 die armste 20% van die wêreldbevolking 2.3% van die globale inkomste ontvang het. In 1980 was dit slegs 1.7% en in 1990 'n skamele 1.3%. Tydens 1990 het die rykste 20% van die wêreldbevolking beskik oor 85% van die globale inkomste.

Twee dominante mensgemaakte ekonomiese stelsels kan onderskei word, naamlik kapitalisme en sosialisme. Eersgenoemde stelsel verleen volkome ekonomiese vryheid aan die individu deur middel van die vryemarkstelsel. Sosialisme het 'n sterk sentraal beheerde ekonomie met beperkte vryheid aan die individu. In Suid-Afrika neig ons na 'n kombinasie van albei stelsels met kapitalisme wat domineer. Die ironie is dat binne 'n kapitalistiese bestel die gaping tussen ryk en arm vergroot, en binne 'n sosialistiese bestel stagnasie plaasvind en welvaart nie gegenereer word nie.

Nie een van die twee mensgemaakte ekonomiese strategieë blyk die oplossing te wees vir volhoubare ontwikkeling nie. Die mees aanvaarbare alternatief is waarskynlik ’n kapitalistiese stelsel getemper deur ’n Christelike benadering van naasteliefde en mededeelsaamheid. Die onderwerp van rykdom en armoede figureer op verskeie plekke in die Bybel. Die volgende breë riglyne oor die akkumulering van rykdom, of soos ons dit vandag sal stel – ekonomiese ontwikkeling – kan onderskei word in Tabel 1.

**Tabel 1: Christelike benadering tot die ekonomiese sisteem**

| Christelike konteks | Verwysing (Bybel, 1993) | Implikasie vir omgewingsbestuur |
|---|---|---|
| God is die bron van rykdom. | Gen. 26:12-13<br>1 Kor. 4:7 | Welvaart is ’n Godgegewe gawe waaroor Hy volkome beheer het. |
| God waarsku teen die gevolge van rykdom. | Pred. 5:12-13<br>Luk. 12:13-21 | Welvaart bied potensiaal tot verdere eksploitasie van die omgewing. |
| Welvaart moet aangewend word om armes se nood te verlig en vrede na te streef. | Luk. 19:8-9<br>2 Kor. 8: 1-4<br>Gen. 43:11-15<br>1 Sam. 25:18-35 | Rykdom bied aan die mens die middele en geleentheid om die omgewing verder te eksploiteer of om dit beter te bestuur. |
| Rykdom is verganklik, dus nie volhoubaar nie | Matt. 6:19-21<br>1 Pet. 1:18 | Hierdie is ’n kritiese waarheid aangesien ekonomiese groei en die volgehoue akkumulering van welvaart voorgehou word as die menslike ideaal, alhoewel ons weet dat laasgenoemde nie haalbaar is nie. |
| Rykdom is geestelik gevaarlik | Matt. 19:16-30<br>Mark. 10:27-31<br>Luk. 18:18-30 | Vanuit ons Christelike oortuigings is die najaag van welvaart gevaarlik. Dit kan ons in die versoeking lei om ons opdrag as rentmeesters van die skepping te versuim. |

Die volgende gevolgtrekkings kan gemaak word:

- Ekonomiese aktiwiteit is in wese gerig op die bevrediging van eiebelang (hetsy individuele – in die geval van kapitalisme – of in groepsverband – in die geval van sosialisme) en het die potensiaal om te manifesteer in die ongelyke verdeling van welvaart en onvolhoubare ekonomiese aktiwiteit indien dit nie reg aangewend word nie.
- Omgewingsbestuurders moet verseker dat welvaart so aangewend word dat dit nie slegs eiebelang bevoordeel ten koste van ander nie.

Dit sal gedoen word deur die ontwikkeling binne die kort- en langtermynontwikkelingskonteks en binne die sosiale en biologiese profiel van die gebied te plaas.

- Volhoubare ekonomiese groei is nie moontlik nie en daar behoort nie 'n strewe na ontwikkeling ten alle koste te wees nie. 'n Drastiese paradigmaskuif in ons benadering in dié verband is gevolglik nodig.

## 6. Sosiale sisteem

Die sosiale sisteem is die een sfeer binne die volhoubare ontwikkelingsmodel waaroor die mens 'n mate van beheer het. Die biologiese sisteem is grootliks deur God geskape (alhoewel deur die mens gewysig) en die ekonomiese sisteem is 'n manifestasie van die sosiale visie van die samelewing. Binne die sosiale sisteme van die mens kan twee oorkoepelende samelewingsvisies onderskei word naamlik, *individualisme* teenoor *kollektivisme*. Die twee visies het ook 'n noue verband met die ekonomiese stelsels van kapitalisme en sosialisme wat daaruit voortvloei. Soos die naam aandui, lê individualisme groot klem op die individuele vryheid van die mens en minder klem op menslike samelewingsverbande soos die huwelik, kerk, staat, ensovoorts. Binne hierdie siening mag samelewingsverbande dus nooit te veel gesag dra nie omdat individuele vryheid altyd die belangrikste geag word. Kollektivisme huldig feitlik die teenoorgestelde standpunt omdat die samelewing die vryheid van die individu oorskadu (Van der Walt, 1990:84-85).

Die vraag is watter visie ondersteun behoort te word vanuit 'n Christelike lewensbeskouing? Nie een van die twee visies kan op sigself aanvaar word nie aangesien hulle twee kante van ooglopend dieselfde muntstuk uitmaak. Die basiese gedagte is dat die mens outonoom (van die Grieks *outos* = self + *nomos* = wet) funksioneer en dus sy eie wetgewer is. Vir die Christen is dit egter belangrik om altyd God se absolute soewereiniteit oor alles te erken. Individualistiese vryheidsidees lei maklik tot losbandigheid of anargie terwyl kollektivisme maklik lei tot magswellus of tirannie van een samelewensverband oor die res van die samelewingsverbande. Albei vorm deel van die sogenaamde humanistiese (Latyn: *humanitas*) benaderings wat die mens sentraal plaas en God vervang met die afgod, die mens. Goudzwaard (1979:115) stel dit soos volg:

> …we are struck by the common moorings of both sosio-political movements. Whether primacy is given to the individual or the community, in either case it is given to outonomous man who – alone or in community with others – in a sovereign way determines his own destiny.

As middeweg tussen die twee ekstreme sosiale ordes het God aan die mens sy mees sentrale en fundamentele visie besorg. Ons word geroep om in alles wat ons doen God lief te hê en ons naaste soos onsself.

> 'Meneer, wat moet ek doen om die ewige lewe te verkry?' Jesus sê vir hom, 'Wat staan in die wet van Moses geskrywe? Wat lees jy daar?' Hy antwoord, 'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag en met jou hele verstand, en jou naaste soos jouself.' Jesus antwoord hom toe, 'Doen dit en jy sal die lewe verkry' (Luk. 10:25-28).

Van der Walt (1990:86-87) stel dit dat die mens geroep is as ampsdraer in 'n posisie *onder* die absolute soewereine God en sy gebooie en *oor* die skepping. Hy moet God dien deur die skepping reg (dit wil sê volgens sy wette) te bewerk en te bewaak. Die mens is God se verteenwoordiger op aarde wat moet getuig (as profeet), dien (as priester) en regeer (as koning). Wat impliseer laasgenoemde siening vir omgewingsbestuur? Tabel 2 bied 'n opsomming van ons opdrag in dié verband.

**Tabel 2: Christelike benadering tot die sosiale sisteem**

| **Christelike konteks** | **Verwysing (Bybel, 1993)** | **Implikasie vir omgewingsbestuur** |
|---|---|---|
| Hoe om jou naaste nie te behandel nie:<br><br>Nie vals getuig nie<br>Nie iets begeer nie<br>Nie beroof nie<br>Nie bedrieg nie<br>Nie doodmaak nie<br>Nie verag nie, ens. | Eks. 20:16-17<br>Deut. 5:20-21<br>Lev. 6:2-7<br>Spr. 26:18-19<br>Lev. 19:13<br>ens. | Die voorskrifte wat ons verantwoordelikheid teenoor mekaar uiteensit, hou direk verband met ons aksies teenoor die natuur. Indien ons besoedeling deur ons aksies veroorsaak, beroof ons ons naaste van hulpbronne en 'n kwaliteitlewe. Die uiterste geval sal wees dat ons aksies lei tot die dood van ons naaste – 'n verskysel waarvan baie voorbeelde bestaan. Aangesien onverantwoordelike eksploitasie van die skepping lei tot nadelige implikasies vir ons naaste, moet dit as sonde voor God geag word. |
| Hoe om jou naaste wel te behandel:<br><br>Liefhê soos jouself | Luk. 10:27<br>Matt. 22:39<br>Rom. 13:9 | As mens mag jy jouself nie iets toe-eien wat nadelige gevolge vir jou naaste kan inhou nie. Deur jou naaste lief te hê soos jouself sal jy die natuur so onderwerp dat dit nie die lewensonderhoudende sisteme vernietig wat lewe moontlik maak nie. Uit liefde vir ons naaste moet ons dus die skepping verantwoordelik bestuur. |

Die volgende aspekte kan benadruk word:

- Individualisme en kollektivisme bied nie ’n Christelik gefundeerde visie vir ’n sosiale sisteem nie. ’n Benadering waar aksies geregverdig word op grond van individuele of gemeenskapsregte verafgod die mens en is nie in ooreenstemming met ons taak as rentmeesters nie.
- Volgens die Christelike uitgangspunt moet omgewingsbestuur ’n holistiese benadering volg tot ontwikkeling waar die impak op, of wysiging van die skepping, geregverdig kan word teen die agtergrond van ons Godgegewe amp as rentmeesters. Dit is juis in hierdie opsig waar ’n herinterpretasie van vorige sienings vereis word.
- Aangesien ekonomiese aktiwiteite grootliks geïnisieer word deur eiebelang (die individu) moet ons waak teen handelinge wat eiebelang bevoordeel en ons naaste (wat toekomstige geslagte insluit) benadeel.
- Ten einde ons taak as rentmeesters effektief te kan uitvoer is dit van kardinale belang dat ons deur die wetenskap aanhoudend moet poog om die skepping beter te verstaan ten einde die effektiewe bestuur daarvan moontlik te maak.

## 7. Biologiese sisteem

Gedurende die vorige dekade het verskeie nuwe interpretasies ontstaan oor die verhouding tussen die mens en sy biologiese omgewing. Fuggle en Rabie (1999:7-10) onderskei twee basiese uitgangspunte, naamlik die utilitaristiese en die Judeo-Christelike etiek. Eersgenoemde gaan van die standpunt uit dat die natuur beskou word binne die nutswaarde daarvan vir die mens, terwyl laasgenoemde die mens beskou as deel van die skepping en nie verhewe daarbo nie. Die kernvraagstuk insake die benutting van die biologiese omgewing berus op die eienaarskap daarvan, met ander woorde, aan wie behoort die aarde/natuur? Vanuit ’n Christelike perspektief is die antwoord hierop: God. Aan die begin het God die aarde geskape (Gen. 1:3) en dit is syne. “U het die aarde gemaak en dit staan vas” (Ps. 119:90). Twee dimensies is geskape, naamlik die fisiese en die etiese dimensie.

Die fisiese dimensie verwys na die natuurwette wat ’n natuurlike orde bepaal. Daar word bevestig dat God in beheer is van die wette: “Ja, wat U bepaal het, staan vandag nog vas, alles is aan U onderworpe” (Ps. 199:91). Vanuit die etiese dimensie het God die wêreld uit liefde en vrede geskape en gesien dat dit “goed” was. Dus, die natuur is inherent “goed” geskape alhoewel ons tans (weens die sondeval) in ’n gebroke skepping leef. Die korrekte verhouding tussen die mens en die natuur berus op die uitgangspunt dat die natuur aan God behoort. Hy het die

aarde egter aan die mens gegee om as rentmeester daaroor te heers (Ps. 115:16).

Hierdie geskenk is bedoel vir huidige en toekomstige generasies tot in ewigheid. Ons hou dus die aarde (God se besitting) in trust vir toekomstige generasies. Indien ons die skepping met sy fisiese wette wat "goed" geskape is, misbruik deur nie daarvolgens te handel nie, is ons besig om ons taak as rentmeesters te versuim en sal ons tot verantwoording geroep word. "Van elkeen aan wie baie gegee is, sal baie geëis word, en aan hom aan wie baie toevertrou is, sal meer gevra word" (Luk. 12:48). Tabel 3 bied 'n opsomming van 'n Christelike benadering tot die biologiese sisteem.

**Tabel 3: Christelike benadering tot die biologiese sisteem**

| Christelike konteks | Verwysing (Bybel, 1993) | Implikasie vir omgewingsbestuur |
|---|---|---|
| God besit alles | Eks. 19:5<br>Ps. 24:1<br>Hag. 2:8 | Ons as mense besit niks nie. God het ons toevertrou met sy skepping. Ons sal verantwoording doen vir die wyse waarop ons met God se skepping omgaan. |
| God gee aan die mens die opdrag om oor die skepping te heers | Gen. 1:26, 28<br>Ps. 8:9-6 | Ons heers oor die skepping onder die wet van God. Dit stel aan omgewingsbestuur die taak om uit 'n magsposisie die natuur so te bestuur dat ons nie ons mag as regeerders daaroor misbruik nie. |
| God het die skepping geskape en dit was "goed" | Gen. 1:31 | Die doel van omgewingsbestuur is om die skepping wat "goed" geskape is so te onderhou dat ons nie daaraan afbreuk doen nie. Ons het 'n kosbare geskenk ontvang wat met sorg bestuur moet word om die "goeie" status daarvan in stand te hou. |
| God is in totale beheer oor die skepping | Jes. 44:24 | Die mens kan nie skep nie. Ons kan slegs dit wat God geskape het, beter of slegter aanpas. Alhoewel ons die skepping kan aanpas by ons behoeftes, kan ons dit nooit totaal beheer of ten volle bestuur nie. |
| God gebruik die natuur om sy mag te bewys | Jer. 10:12-15<br>Eks. 19:16 | God se almag word weerspieël in die skepping. Daarom hoef ons nooit te twyfel aan sy grootheid nie. |
| God gebruik die natuur om die mens te seën (reën) | Deut. 11:13-15<br>Ps. 65:9-11 | Indien ons verantwoordelik met die natuur omgaan, sal God ons seën. Die teenstelling is ook waar. |
| God gebruik die natuur om die mens te straf (droogtes) | 1 Kon. 17:1<br>Klaagl. 2:11-12<br>Joël 1:2-12 | Indien ons die natuur misbruik, hou dit 'n onafwendbare negatiewe gevolg vir die mensdom in. Die mens kan selfs homself vernietig in die proses. |

Die volgende afleidings kan gemaak word:

- Ons is aangestel as rentmeesters oor God se skepping wat "goed" geskape is. Misbruik van die skepping is dus onaanvaarbaar wanneer ons versuim om ons opdrag as rentmeesters na te kom.
- Die navolg van eiebelang en materiële welvaart ten koste van die omgewing lei oor die lang termyn tot onvolhoubare benutting van hulpbronne – 'n verskynsel wat tans manifesteer in laer lewenstandaarde en 'n verswakte leefomgewing.

## 8. Opsomming en gevolgtrekking

Die mensdom verkeer tans in 'n ekologiese krisis wat veroorsaak word deur die wanverhoudings tussen bestaande ekonomiese, sosiale en biologiese sisteme. Hierdie verhouding is buite balans en sal die langtermyn-integriteit van die sisteem vernietig en volhoubare ontwikkeling gevolglik ondermyn.

Die gevolg van die huidige stand van sake kan kortliks soos volg opgesom word (sien Figuur 2):

- Kapitalisme word gestel as die norm vir die optimale funksionering van die ekonomiese sisteem. Die etiese benaderings onderliggend tot die stelsel blyk in orde te wees alhoewel die praktiese manifestasies daarvan lei tot die ongelyke verdeling van welvaart (sien paragraaf 5).
- Die regte van die individu word beskou as belangriker as dié van die gemeenskap binne ons sosiale orde. Individuele regte vorm dus die basis van die sosiale sisteem (sien paragraaf 6).
- Die biologiese sisteem word gesien as 'n hulpbron wat optimaal benut moet word ten einde ekonomiese groei te bevorder (sien paragraaf 7).

Dit spreek vanself dat die huidige benaderings nie volhoubaar is nie en dat drastiese klemverskuiwings sal moet plaasvind. Verskeie *onjuis* interpretasies van die Bybel dra verder by tot die ekologiese krisis. Die belangrikste daarvan is die volgende:


- Dit skyn soms asof die Christelike geloof fokus op die lewe ná die dood (hiernamaals) met minder klem op die hier en nou (1 Kor. 7:29-31). In baie gevalle word ons opdrag as rentmeesters ondergeskikgestel aan ons strewe na die ewige lewe wat op 'n geestelike vlak bewerkstellig word. Die aarde word as 'n tydelike blyplek beskou wat eendag "nuut" gemaak sal word en word beskou as van tydelike waarde.

- Die mens beskou sy taak as dié van "heerser" oor die skepping en eien homself 'n gesagsposisie toe wat in baie gevalle misbruik word. Die uiters verantwoordelike taak om God se skepping (wat "goed" geskape is) te onderhou word dus ondermyn.

Wat is die korrekte interpretasie en benadering tot volhoubare ontwikkeling? Die Bybel bied die volgende breë riglyne soos uitgebeeld deur Figuur 3:

- Kapitalisme wat lei tot 'n materialistiese lewensbenadering is nie in ooreenstemming met Bybelse riglyne nie. Welvaart behoort aan God en indien Hy ons daarmee toevertrou, sal rekenskap oor die aanwending daarvan van ons geëis word.
- Individualistiese en kollektivistiese sienings verafgod die mens. Die mens is op aarde om God en sy medemens te dien. Die Bybel waarsku teen die gevolge van eiebelang en materialisme.
- Die natuur behoort aan God wat die mens aangestel het as rentmeester om verantwoordelik oor die natuur te heers en om dit op te pas. Indien ons ons taak as rentmeesters versuim, sal van ons rekenskap geëis word.

**Figuur 3: Volhoubare ontwikkeling vanuit 'n Christelike perspektief**




Dit blyk dat daar 'n direkte korrelasie bestaan tussen die Christelike benadering tot volhoubare ontwikkeling en die voorgestelde model daarvoor (vergelyk Figure 1 en 3). Elkington se benadering tot volhou-

bare ontwikkeling, naamlik die drie P’s van “**p**eople”, “**p**lanet” en “**p**rofits” kan nou aangevul word met die Bybelse perspektief van die drie S’e, naamlik “**s**hare”, “**s**erve” en “**s**tewardship”. Hierdie aangepaste benadering kan soos volg uitgebeeld word:

“**S**hare/Deel” ⟶ “**P**rofit”

“**S**erve/Dien” ⟶ “**P**eople”

“**S**tewardship/Rentmeesterskap” ⟶ “**P**lanet”

Die Bybel bied dus definitiewe riglyne vir die volhoubare bestuur van die omgewing. Om volhoubaar te lewe is ’n opdrag van God en ons verantwoordelikheid in dié verband moet aktief gepropageer word. Die najaag van materialisme en eiebelang is nie in ooreenstemming met ’n ingesteldheid van Christelike naasteliefde nie en ondermyn volhoubare ontwikkeling. Die gestelde Christelike lewenswyse is volhoubaar, maar dit is ooglopend dat ons nie daarvolgens leef nie. Die afleiding kan dus gemaak word dat dit ons sondige natuur is wat onvolhoubare gedrag toelaat – iets wat teenstrydig is met dit wat ons as Christene bely.

## Bibliografie

BRUNDTLAND, G.H. 1987. Our common future: World Commission on environment and development. London : Oxford University Press.

BYBEL, DIE. 1993. Die Bybel in praktyk. Vereeniging : CUM.

COOPER, D.E. 1998. Spirit of the environment: Religion, value and environmental concern. London : Routledge.

DOBEL, P. 1977. The Judeo-Christian stewardship attitude toward nature. New York : Christian Century Foundation.

ELKINGTON, J. 1999. Cannibals with forks – Tripple bottom line of 21st century business. London : NSP Publishing.

FUGGLE, R.F. & RABIE, M.A. 1999. Environmental management in South Africa. Cape Town : Juta.

GOUDZWAARD, B. 1979. Soevereiniteit in eigen kring. Potchefstroom : PU vir CHO. (IBC Studiestuk, nr 118, September.)

GRANBERG-MICHEALSON, W. 1990. Tending the garden: Essays on the gospel and the earth. London : Eerdmans.

HAUGHT, J.F. 1993. The promise of nature: Ecology and cosmic purpose. New York : Paulist.

LAMBRECHTS, I.J. 1992. Finansiële bestuur. Goodwood : Nasionale Boekdrukkery.

MILLER, T.G. 1999. Living in the environment. United States of Amerika : Wadsworth.

MONCRIEF, L.W. 1970. The cultural basis of our environmental crisis. *Science*, 170: 508-512, October 30.

PARKIN, M. 1990. Economics. United States of Amerika : Addison-Wesley.

REES, W. & WACKERNAGEL, M. 1998. Our ecological footprint – Reducing human impact on earth. Canada : New Society Publishers.

RUSSEL, C.A. 1994. The earth, humanity and God. London : UCL.

SMITH, A. 1776. An enquiry into the nature and causes of the wealth of nations. Chicago : University of Chicago Press.

VAN DER WALT, B. 1990. Mens – samelewing – sakeonderneming. Kaap : Nasionale Boekdrukkery.

WHITE, L. 1967. The historical roots of our ecological crisis. *Science*, 155:1203-1207, March 10.

WOLTERS, A.M. 1991. Die skepping herwin – Bybelse grondslag vir ’n Reformatoriese lewensbeskouing. Potchefstroom : Departement Wetenskapsleer PU vir CHO.

## Erkenning

Ek gee graag met dank erkenning aan die volgende persone se bydrae tot hierdie navorsing:

- Prof. P.J.J.S. Potgieter, Sentrum vir Geloof en Wetenskap, PU vir CHO.
- Prof. F.P. Retief, Afgetrede Professor aan UVS.
- Dr. I.J. van der Walt, Senior Lektor aan die PU vir CHO.
- Mnr. A.J. van der Walt, Lektor aan die PU vir CHO.

**Kernbegrippe:**

omgewingsbestuur
volhoubaarheid
Christelike lewensbeskouing
volhoubare ontwikkeling

**Key concepts:**

environmental management
sustainability
Christian world view
sustainable development